The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW


Sake
Ommeswaai oor visums

RAPPORT SAKE24 2016-10-02 Page: 1

AVE: 50470.86 (ZAR)

# Ommeswaai oor visums

## Toerismebase verstom oor die (ou) trant van die nuwe regulasies

**Aldi Schoeman**



**Derek Hanekom, minister van toerisme.**

Die kabinet se vroeëre aankondiging dat vereistes vir toeriste verslap word sodat onverkorte geboortesertifikate nie meer nodig is nie, is tersyde gestel. Oorsese toeriste moet dit nou weer wys as hul kinders saam met hulle reis.

Dié reël word uitgestippel in die voorgestelde wysigings aan die immigrasieregulasies wat op 16 September in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Vir kinders wat van lande reis waarvoor visums nie vereis word nie, geld onder meer dié reël: Ouers "kan (in Engels "may") gevra word om die kind se onverkorte geboortesertifikaat te wys" en immigrasiebeamptes kan weier dat die kind die land inkom indien dit nie gewys word nie.

"Die regering speel nou maar net met woorde," sê Mmatati Ramawela, uitvoerende hoof van die Toerisme-sakeraad van Suid-Afrika (TBCSA), 'n oorkoepelende bedryfsliggaam.

David Frost, uitvoerende hoof van die Suider-Afrikaanse Toerismediensvereniging (Satsa), sê die bedryf is verstom oor dié ommeswaai. "Ons is terug waar ons verlede jaar was."

Toerismesyfers het in 2015 vir die eerste keer sedert 2009 begin daal.

Nuwe visumregulasies, wat die departement van binnelandse sake in Junie 2015 ingestel het, het die skuld hiervoor gekry. Veral die regulasie dat ouers wie se kinders saam met hulle reis, onverkorte geboortesertifikate ('n sertifikaat met albei ouers se name op) moet wys, het toeriste glo afgeskrik. Dit is nie in alle lande die gebruik om by geboorte dié onverkorte sertifikate uit te reik nie.

Ook Derek Hanekom, minister van toerisme, was besorg oor die "onbedoelde impak" van die visumregulasies. Die kabinet het toe besluit 'n interministeriële komitee onder leiding van adj.pres. Cyril Ramaphosa moet die kwessie ondersoek.

Daar was 'n gejuig in die toerismebedryf toe die kabinet op aanbeveling van dié komitee later sekere toegewings oor die regulasies aangekondig het.

Daar word onder meer 'n onderskeid getref tussen toeriste van lande waarvoor visums vereis word en dié waarvoor visums nie vereis word nie.

'n Kabinetsverklaring van 23 Oktober 2015 het dié toegewings afgekondig:

■ Kinders wat van lande reis waarvoor visums vereis word, moet 'n geboortesertifikaat wys wanneer hulle om visums aansoek doen.

■ Kinders wat van lande reis wat nie visums vereis nie, word "sterk aangeraai om 'n bewys van verwantskap en toestemming van die ouer of voog wat nie teenwoordig is nie, saam te bring."

Daar is aanvaar die onverkorte geboortesertifikate sou dus nie meer vereis word nie. Die toerismebedryf was verlig en die besluit is algemeen verwelkom.

"Ons wou sien dat die saak vroeër afgehandel word," het Hanekom volgens Netwerk24 se argief in November 2015 in die parlement gesê. "Dit het máánde geduur, maar is nou afgehandel en dit is die belangrikste," het hy gesê.

Tog was die verligting van korte duur.

Ouers wat sonder die onverkorte geboortesertifikate reis, word steeds daagliks die deur gewys, sê Ramawela.

Dit het geblyk die regulasies moet eers in die *Staatskoerant* gepubliseer word voordat dit geldig is. Die voorgestelde regulasies is nou, byna 'n jaar ná die kabinet se aankondiging, gepubliseer, maar strook nie met wat die kabinet gesê het nie.

"Om te sê jy 'kan' dit nodig hê, is dieselfde as jy hét dit nodig," sê Frost.

Maar Mayihlome Tshwete, woordvoerder van die departement van binnelandse sake, sê die kabinetsbesluit en voorgestelde regulasies weerspreek mekaar nie.

Hy sê om ouers "sterk aan te raai om 'n bewys van verwantskap" te bring en om vir 'n onverkorte geboortesertifikaat te vra, is presies dieselfde.

"Net as 'n immigrasiebeampte agterdogtig is, sal hy 'n onverkorte geboortesertifikaat vra," sê Tshwete.

Op 'n vraag oor of toeriste dus nie die sertifikate hoef saam te bring as hulle niks het om weg te steek nie, het Tshwete gesê: "As jy voel jy het dit nie nodig nie, kan jy dit los." Hy sê toeriste kan dan ook op 'n ander manier ouerskap probeer bewys, soos om die ander ouer te bel. Dié verduideliking is egter nie in die regulasies nie.

Volgens data van Statistieke Suid-Afrika is toerisme se bydrae tot die bruto binnelandse produk sowat 3%.

"Ons word in ons werk verhinder, en dít in 'n tyd dat ons groei nodig het," sê Ramawela. Sy sê die toerismebedryf kan juis danksy die gunstige wisselkoers groei.

Ramaphosa en Hanekom se woordvoerders het navrae na die departement van binnelandse sake verwys. Die publiek kan tot 14 Oktober kommentaar lewer oor die voorgestelde wysigings.

> Ons is terug waar ons verlede jaar was.
>
> – David Frost, uitvoerende hoof van Satsa